

Skriflesing: Genesis 6 en 7

Teksverse: Genesis 7: 16b

Tema: God neem misdaad en geweld ernstig op, ook dié in ons land

Misdaad en geweld – sekerlik van die mees uitstaande kenmerke van die tyd waarbinne ons leef. In die tyd voor die sondvloed het die geweldskultuur ook op hierdie aarde hoogty gevier (“die aarde was verdorwe en vol geweld”). God se reaksie op hierdie geweldskultuur? Dit het die Here berou dat Hy die mense gemaak het (Gen. 6:6) en daarom het Hy besluit om die mens te verdelg (Gen. 6: 7). Dit was dus nie maar iets wat net kon voortgaan nie – God sou ‘n einde daaraan bring.

1. Die genade in God se erns met geweld

Soos duidelik uit Gen. 6 het God besluit om die geweldskultuur van voor die sondvloed tot ‘n einde te bring – die mensdom sou verdelg word. Maar hierdie besluit van God was onderworpe aan sy verbondstrou – God het immers ‘n verbond, ‘n kontrak met die mens in Gen. 3: 15 gesluit dat daar Een sal kom om die slang se kop te vermorsel, die mensdom van die duiwel en sy mag te verlos. Dit is hier waar die genade van God tot Noag gekom het – God het besluit om hom en sy gesin deur hierdie verdelging van Gen. 6 en 7 heen te bewaar. Gevolglik voorsien God die redding aan hierdie man en sy gesin. God se opdrag – hy en sy gesin moes in die ark, die skip wat hy in opdrag van die Here gebou het, ingaan. En dan: “En die Here het agter hom toegesluit” (Gen. 7: 16). God bring hierdeur ‘n skeiding tussen die gewelddadiges en die nie-gewelddadiges.

2. Die oordeel in God se erns met geweld.

God maak dit duidelik wat die uiteinde sal wees van die bedrywers van geweld – in vers 7 van Gen. 6 sê God dat Hy die mens wat Hy geskape het van die aarde sal verdelg. Dit sou God bewerk deur die vloed wat Hy oor die aarde sou bring (Gen. 7). Hierdeur bring God dus die geweldskultuur tot ‘n einde – die geweldenare sterf ‘n geweldadige dood – ‘n waterdood. Weer is hier van belang die woorde: “En die Here het agter hom toegesluit”. God het hier die toegang tot die binnekant van die ark vir die geweldenare afgesluit. Hulle kon nie in die ark kom nie – 1) om hulle geweld daar voor te sit nie, en 2) om daar van die oordeel van God vanweë hulle geweld te ontkom nie. Hulle sal tot in ewigheid buite bly om God se erns in sy oordeel van geweld dan ook te smaak.

3. Die appèl in God se erns met geweld

God neem geweld ernstig op, so was dit in die tyd van Noag en so is dit ook vandag – en dit mag nooit doodgeswyg word nie. In Genesis het God tot die geweldenare gespreek deur Noag, die regverdige, die man wat nie verslind is deur die geweldskultuur waarin die mense van daardie tyd geleef het nie. So is dit ook vandag nog – God spreek in ons tyd deur die gelowiges, ons, tot hierdie goddelose en geweldadige wêreld. Die oproep by monde van die gelowige tot die wêreld en hierdie land: *Bekeer jou sodat jy nie vir ewig uitgeklad word uit die heerlikheid van God nie.*

Maar ons wat deur God se genade gered is van hierdie geweldskultuur, ons kan die Here dank vir sy genade dat Hy spreekwoordelik “die deur agter ons in Christus toegemaak het” en ons gevolglik nooit verlore sal gaan nie.